Bib

89/92

Saak no 512/91

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen

N P GTANSO — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: E M GROSSKOPF, KUMLEBEN, ARR et HARMS, Wnd AR

VERHOOR: 19 Mei 1992

GELEWER: 27 Mei 1992

---

U I T S P R A A K

E M GROSSKOPF, AR

Die appellant is saam met twee ander beskuldigdes in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling aangekla van moord en roof met verswarende omstandighede. Na 'n verhoor voor VAN COPPENHAGEN R en assessore is die appellant en die destydse tweede beskuldigde skuldig bevind aan albei aanklagte. Die derde beskuldigde is vrygespreek. Die tweede beskuldigde, wat ten tyde van vonnisoplegging sewentien jaar oud was, is gevonnis tot langtermyn gevangenisstraf. Wat die appellant betref het die hof bevind dat daar geen versagtende omstandighede was ten opsigte van die moord nie, en is hy ter dood veroordeel. Op die roofklag is twaalf jaar gevangenisstraf opgelê.

Die appèl dien nou voor ons kragtens art. 19 van die Strafregwysigingswet, no. 107 van 1990. Ons moet dus oorweeg of, met inagneming van die strafversagtende en -verswarende faktore wat aanwesig is, die doodvonnis op die moordklag die gepaste vonnis is in die lig van die

wetswysigings teweeggebring deur die gemelde Strafregwysigingswet. Die beginsels wat geld by appèlle van hierdie aard is oorbekend en ek hoef hulle nie hier te herhaal nie.

Die feite is kortliks soos volg. Die tagtigjarige mnr. G.P. Fritz en sy vrou het op die plaas Bossieslaagte, Oranjeville, gewoon. Op Saterdagmiddag 20 Augustus 1988 was die egpaar in die sitkamer van hul woning besig om televisie te kyk. As gevolg van die honde se geblaf het mnr. Fritz (na wie ek hierna as die oorledene sal verwys) na buite gegaan waar hy die appellant en die tweede beskuldigde aangetref het. Hulle het voorgegee dat hulle werk soek. Die oorledene het gesê dat hy nie werk vir hulle het nie, en hulle na 'n buurman, ene mnr. Davel, verwys. Hulle het vertrek, maar na 'n ruk teruggekeer, en vir die oorledene vertel dat hulle verdwaal het. Toe hy omdraai om hulle die pad te wys het hulle hom agter sy kop met 'n voorwerp geslaan. Hy het op die grond geval waarop die twee aanvallers hom met 'n lyfband

verwurg het en 'n plastieksak om sy kop vasgebind het. Hy het weens asemnood gesterf.

Die appellant het die huis binnegegaan en mev. Fritz aangeval. Hy het haar na die slaapkamer gesleep en 'n beursie met geld daarin gesteel. Die tweede beskuldigde was ook van tyd tot tyd aanwesig. Daarna het hulle mev. Fritz na 'n studeerkamer geneem wat 'n deel van 'n buitegebou was. Daar het hulle haar gedwing om die brandkluis oop te sluit. Hulle het egter niks daaruit geneem nie. Sy het bewusteloos geword. Die twee rowers het die plaas verlaat met 'n Isuzu bakkie wat aan die oorledene behoort het. Mev. Fritz is later deur 'n werknemer gevind. Haar beserings was nie ernstig nie.

Die belangrikste getuienis teen die appellant en sy mede-beskuldigde was bekentenisse wat deur hulle gemaak is. Albei van hulle het getuienis afgelê wat afgewyk het van hul bekentenisse en in 'n meerdere of mindere mate verontskuldigend was. Die verhoorhof het bevind dat hulle

nie betroubare getuies was nie, en hierdie bevinding is tereg nie voor ons aangeveg nie.

Om die appellant se aandeel in die moord en rooftog te bepaal, is ons dus in 'n groot mate afhanklik van sy eie verklaring: die tweede beskuldigde se bekentenis is natuurlik nie toelaatbaar teen die appellant nie (sien art. 219 van die Strafproseswet, no. 51 van 1977) en die tweede beskuldigde se getuienis is oor die algemeen nie aanvaar nie. Die appellant se bekentenis, insoverre dit ter sake tot die moordklag is, lui soos volg (Serame was die tweede beskuldigde en Funani die derde beskuldigde wat vrygespreek is):

> "Hierdie ding het ek en ene Funani bespreek. Dit was in die week gewees. Op die twintigste van verlede maand, dit was 'n Saterdag gewees, het ek en die ander twee manne vertrek, ons het in die rigting van Oranjeville geloop na daardie blanke toe.
>
> Toe ons daar aangekom het, het die man, Funani, by die pad gestaan om karre dop te hou. Hy sê toe vir ons 2, ons moet ingaan, ons 2 het toe ingegaan by daardie blanke se huis. Toe ons daar kom het ek vir hierdie blanke gevra of hy nie werkshande wil hê nie. Hy sê toe vir my nee hy wil nie hê maar 'n

ander blanke wat belangstel is Hans Davel. Ek het geskrik en in plaas daarvan om hom te slaan het ek en die ander man weggegaan van hom af.

Toe ons by Funani kom het ek vir hom gesê man, ek is bang, toe sê Funani, nee man daar is niks daaraan nie, slaan julle die blanke man dat ons daardie geld vat. Ons het weer eens Funani daar agter gelaat en teruggekeer na die blanke se huis toe. Funani het daardie ander man wat saam met my was, sy naam is Serame, 'n vuurwapen gegee. Toe ons by die huis kom het die brakkies vir ons geblaf. Die witman het uitgekom en gevra wat is dit nou weer! Ons sê toe vir hom die pad wat jy ons beduie het kan ons nie kry nie, beduie ons beter asseblief. Ons het toe aan die linkerkant van die huis omgeloop en hy het saam met ons geloop om ons te gaan wys. Hy het voor geloop, ek was agter hom gewees en Serame was agter my gewees. Serame het vir my die vuurwapen gegee. Ek het hom met die vuurwapen agter die kop geslaan en hy het neergeval. Ek en Serame het hom aangerand. Serame het aan een kant van hom gestaan en ek aan die ander kant. Serame het toe sy lyfband losgemaak en hom daarmee om sy nek vasgemaak en hom gewurg totdat hy gesterwe het.

Van daar af het ek binne die huis ingehardloop om te gaan kyk waar die geld is."

Die verklaring gaan dan voort om die aanranding op mev. Fritz en die verdere verloop van sake te beskryf.

Dit is teen die agtergrond van die feite wat hierbo

uiteengesit is wat die aan- of afwesigheid van strafverswarende of -versagtende faktore bepaal moet word. Die eerste strafverswarende faktor lê voor die hand. Die appellant het die voortou geneem om saam met ander te beplan om hierdie twee ou mense aan te val en te beroof. Die appellant se skoonouers het op die plaas van die oorledene gewoon en gewerk, en die appellant het klaarblyklik geweet dat hy en sy trawante geen wesentlike weerstand kon verwag nie. Moord deur verwurging is 'n pynlike en betreklik uitgerekte daad. Hierdie soort misdade teen weerlose ou mense word altyd as ernstig beskou. Die graad van die appellant se blaamwaardigheid sal egter afhang ook van ander aspekte van die vergryp, en veral, in die onderhawige saak, van die opsetsvorm waarmee die appellant aan die moord deelgeneem het en van sy presiese aandeel daarin.

Dit is eerstens duidelik, meen ek, dat die appellant waarskynlik nie vooraf beplan het om die oorledene te dood nie. Hierdie is nie 'n geval waar die aanranders

maklik deur hul slagoffers uitgeken sou word nie. Die appellant se onbetwiste getuienis was dat hy nie die twee ou mense vantevore gesien het nie. Die aanvallers was blykbaar ook ongewapen. Daar is wel verwysings in die getuienis na 'n vuurwapen wat in die boosdoeners se besit was, maar daar is ook aanduidings dat dit net 'n speelding was. Hoe dit ook al sy, geen skoot is ooit afgeskiet nie, en daar is dus minstens 'n redelike twyfel of die vuurwapen werksaam was. Geen ander wapen is gebruik nie. Die oorledene is verwurg met sy eie gordel en met 'n plastieksak. Dit is nie duidelik waar die plastieksak vandaan gekom het nie. Daar was getuienis dat die appellant vroeër 'n plastieksak by hom gehad het waarin daar klere was. Moontlik was dit dieselfde plastieksak wat by die verwurging van die oorledene gebruik is, maar dit sou vergesog wees om te vermoed dat die appellant die sak vir hierdie doel saamgeneem het. Elke aanduiding is dat die boosdoeners artikels gebruik het wat toevallig op die toneel beskikbaar was. By die vasbind van mev. Fritz het hulle dan

ook 'n stuk telefoondraad, wat hulle afgeruk het, en die oorledene se trui gebruik.

Die volgende vraag is dan watter afleidings gemaak kan word van die aard van die aanranding op die oorledene. Die staatsgetuienis hieromtrent is soos volg. Die eerste persoon wat die oorledene gesien het ná die moordenaars se vertrek, was die oorledene se werknemer Paulus Dlamini. Hy het die oorledene op die grond sien lê. Daar was 'n Checkers plastieksak oor sy kop en 'n lyfband om sy nek. Dlamini het die plastieksak van die oorledene se gesig weggeskeur. Die oorledene was reeds dood.

By die nadoodse ondersoek het dit geblyk dat die plastieksak om die nek vasgebind was met 'n baie stewige skuifknoop. Prof. Olivier, wat die lykskouing waargeneem het, het bevestig dat die res van die sak, wat toe reeds geskeur was en relatief dun was, oor die gesigdeel van die liggaam kon gewees het. Bo-oor die plastieksak om die nek was die oorledene se gordel. Albei hierdie ligature het

onderliggende beserings aan die nekstruktuur veroorsaak. Prof. Olivier se opinie was dat die dood te wyte was aan 'n hart/long versaking as gevolg van primêre asemnood veroorsaak deur ligature om die nek en moontlike versmoring met 'n plastieksak oor die kop.

Daar was geen getuienis oor wie die plastieksak om die oorledene se nek gebind het nie, en die verhoorhof het geen bevinding hieromtrent gemaak nie. Wat die lyfband betref het die verhoorhof bevind dat dit die tweede beskuldigde was wat die oorledene se lyfband afgehaal het en dit om die oorledene se nek gesit het. Die hof het geen bevinding gemaak oor wie dit was wat die oorledene daarmee gewurg het nie. Waar ons nou aangewese is op die appellant se bekentenis moet ons aanvaar dat dit die tweede beskuldigde was, soos die appellant in sy bekentenis sê. Daar bestaan dus 'n redelike moontlikheid dat dit die tweede beskuldigde was wat albei die ligature om die oorledene se nek geplaas het en hom verwurg het. Dat sodanige optrede die appellant

se goedkeuring geniet het, spreek vanself, maar as hy nie self die ligature styfgetrek het nie, sou hy nie noodwendig besef het hoeveel geweld gebruik is nie.

By 'n beoordeling van getuienis het die verhoorhof bevind "dat die beskuldigdes minstens besef het dat deur die aanwending van die lyfband om die oorledene se nek sy dood veroorsaak kan word, maar dat hulle ongeag hierdie besef voortgegaan het om hom te verwurg totdat die dood ingetree het." Hierdie was 'n bevinding dat daar minstens opset by moontlikheidsbewussyn (dolus eventualis) aanwesig was, en in ander dele van sy uitspraak (en veral die uitspraak oor versagtende omstandighede) het die hof bevestig dat die skuldigbevindinge berus op hierdie skuldvorm. Die verhoorhof het egter ook verwys na getuienis deur die tweede beskuldigde dat die appellant voor die noodlottige aanranding op die oorledene gesê het dat hy die oorledene gaan doodmaak omdat die oorledene nie wou sê waar die geld is nie. Indien hierdie getuienis aanvaar word, sou dit aantoon dat die

appellant die direkte opset gehad het om te dood, en dit sou moeilik te rym wees met die hof se bevinding dat daar moontlik slegs dolus eventualis hier aanwesig was. Daarbenewens het die verhoorhof geen redes verstrek waaroor hierdie stukkie getuienis deur die tweede beskuldigde aanvaar is hoewel sy getuienis oor die algemeen as onbetroubaar beskou is nie. In hierdie verband is dit belangrik dat die tweede beskuldigde deurgaans valslik probeer het om homself so ver moontlik te verontskuldig en die blaam op die appellant te plaas. Waar hy dus hier sake teen die appellant aandik, lyk sy getuienis baie verdag. Alles in ag genome meen ek nie dat die tweede beskuldigde se getuienis oor wat die appellant voor die moord sou gesê het, bo redelike twyfel aanvaar kan word nie.

Die verhoorhof het nie pertinent oorweeg of die plasing van die plastieksak om die oorledene se kop aanduidend was van 'n direkte opset om te dood nie. Die rede hiervoor was miskien dat daar nie bewys was dat die sak so

dig was dat dit in die posisie waarin dit was die lugtoevoer sou afgesny het nie, en dat dit in elk geval so dun was dat dit betreklik maklik weggeskeur kon word, soos Dlamini inderdaad gedoen het. Indien dit nie die boosdoeners se opset was om die oorledene te vermoor nie, wonder 'n mens tog waarom hulle juis die sak oor die oorledene se kop gesit het. Waar ons hier te doen het met 'n struweling waarin, soos reeds gemeld, die aanvallers gebruik gemaak het van artikels wat toevallig byderhand was, moet 'n mens miskien egter nie te veel analitiese denke aan hulle toeskryf nie. In elk geval, waar hierdie aspek nie behandel is by die verhoor nie meen ek dat dit gevaarlik sou wees om nou op appèl afleidings te maak wat teenstrydig is met die verhoorhof se bevindinge.

Weens die voorgaande meen ek dat ons nie behoort af te wyk van die hof a quo se bevinding dat daar 'n redelike moontlikheid is dat slegs dolus eventualis hier aanwesig was nie. Die posisie is dus na my mening dat die verswarende faktore wat ontstaan uit die aard van die aanval op die

oorledene nie verder vererger word deur die bestaan van direkte opset aan die kant van die appellant om hom te dood nie.

Dit bring my dan by strafversagtende faktore. Soos ek reeds aangedui het, meen ek dat daar 'n redelike moontlikheid is dat die moord nie vooraf beplan was nie, maar dat dit feitlik spontaan gepleeg is met dolus eventualis toe die oorledene oorrompel en buite aksie geplaas is. Hierdie faktore is strafversagtend in die sin dat die misdaad ernstiger sou gewees het as die feite anders was. Dan is daar die appellant se persoonlike omstandighede - hy was ten tyde van die misdaad 26 jaar oud, het gewerk en het geen vorige veroordelings hoegenaamd gehad nie. 'n Skoon rekord dra gewoonlik heelwat gewig as 'n versagtende faktor. Dit is 'n aanduiding dat die betrokke persoon nie 'n misdadige geaardheid het nie, en waarskynlik rehabiliteerbaar is.

Ten slotte moet ek die strafverswarende en -versagtende faktore teen mekaar opweeg en besluit of die

doodvonnis die gepaste vonnis is. Soos reeds gemeld, is hierdie 'n ernstige saak, maar na my mening is die misdaad nie van sulke uitsonderlike erns dat dit die hoogste tol regverdig nie. Ek meen dat 'n lang termyn gevangenisstraf genoeg sou wees om die samelewing se verstaanbare behoefte aan vergelding en afskrikking te bevredig, terwyl dit terselfdertyd die moontlikheid van rehabilitasie vir die appellant sal oophou.

Die appèl slaag. Die doodvonnis word tersyde gestel en vervang met twintig (20) jaar gevangenisstraf wat sal saamloop met die gevangenisstraf opgelê op die roofklag.

---

E M GROSSKOPF

KUMLEBEN, AR
HARMS, Wnd AR    Stem saam